CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

CHRISTELIKE LEKTUURFONDS TREK NUWE BAADJIE AAN

Christelike Lektuurfonds het op 10 Augustus hul nuwe handelsmerk bekendgestel tydens ‘n prestige geleentheid in Wellington.

Die bekende aktrise Vinette Ebrahim het as seremoniemeester opgetree en Heinz Winckler het die gehoor vermaak met passievolle sang.

Die hartklop van Christelike Lektuurfonds is en bly om die boodskap van die Bybel aan alle Suid-Afrikaners te bring. Die nuwe handelsmerk verteenwoordig ‘n verbintenis om Jesus se liefde uit te dra op ‘n wyse wat relevant en impakvol in vandag se tyd is. Daarom was dit ook 'n voorreg dat oom Japie du Plessis, een van die stigterslede van Christelike Lektuurfonds in 1957, die geleentheid kon bywoon om sodoende die nuwe fase saam met ons te betree.

Ds Willem Botha (voorsitter van die beheerraad) het op onderhoudende wyse meer vertel oor die onstaan en geskiedenis van Christelike Lektuurfonds en Charmaine Stoffberg (bedryfshoof), het hierna die nuwe logo onthul. Dit was duidelik dat die Here se seën en goedheid op die instansie rus en daarom word daar met hoopvolle verwagting uitgesien na die toekoms.

JY IS VROU!
TEN BATE VAN 1 MILJOEN BYBELS VIR EEN MILJOEN KINDERS

Augustus is Vrouemaand en Christelike Lektuurfonds het vrou-wees die afgelope week op luisterryke wyse gevier tydens die Jy is vrou!-vertoning by die Grande Roche amfi-arena in die Paarl.

Die program het bestaan uit gewilde en talentvolle kunstenaars soos Heinz Winckler, Sarah Theron, Vinette Ebrahim en Lizz Meiring wat die gehoor aan hulle lippe laat hang het met ‘n aangrypende kombinasie van toneelspel en musiek.

Nie alleen is die vermaak uit die boonste rakke nie, maar daar is ook ‘n groter doel agter die projek – die inkomste van die vertoning word ten bate van Christelike Lektuurfonds en die Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders-projek aangewend. Hierdie wonderlike projek

het ten doel om ‘n boodskap van hoop en liefde aan die kinders van Suid-Afrika te bring deur die uitdeel van een miljoen Kinderbybels.

Dankie aan elkeen wat hierdie geleentheid ondersteun het en julle harte oopgemaak het vir Christelike Lektuurfonds. Ook‘n besonderse woord van dank aan die instansie *PentzGillespie International* wat die vervaardiger en borg van hierdie vertoning was, asook die *Grande Roche Hotel* vir die pragtige perseel.